



# GETUIENISBEDIENING

## - Handeling 1:8

1 Kron 16: 1-11 – “Loof die Here roep Hom aan! Maak aan die nasies bekend wat Hy gedoen het. Sing liedere, sing tot sy eer, vertel van al sy magtige dade. Roem sy heilige naam, laat dié wat die teenwoordigheid van die Here soek, bly wees. Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid.”

O, koud is die windjie en skraal! Dis winter. Dis behoorlik koud. Dis koue neus. Dis sop en pannekoek!

Dis warm harte. Dis getuïenisse. Dis gebede. Dis gemeentede wat Geloofsbelofteoffers gee en bid. Dis 'n Almagtige, Groot God!

Lees die nuus van gemeente se betrokkenheid by getuïenis en bid asb verder.



**1. PROVINSIALE HOSPITAAL, MOSSELBAAI –  
Leonie Geldenhuys**

In die afgelope tyd is statistiek vrygestel van hoeveel baba's by hospitale in Gauteng gelos is deur hul ma's.

*“118 babies have been abandoned at birth in state hospitals in Gauteng since the beginning of the year – Gauteng Department of Health (News 24 – 13 Aug).”*

Dit is een van die situasies wat ook afspeel by Mosselbaai Provinsiale Hospitaal. Daarom is dit 'n riem onder die hart dat lidmate hulp verskaf aan die hopsitaal deur byvoorbeeld babaklere, speelgoed en komberse te skenk. Dis items wat met liefde handgemaak is en 'n spoor van Jesus-liefde laat by personeel en mense in nood. Baie dankie!



**Een van die vele komberse wat iemand gaan warm maak.**



**Bid asb** sonder oordeel en kritiek vir ma's wat in moeilike omstandighede besluit om 'n baba te los. **Bid** vir die hospitaalpersoneel en organisasies wat betrokke is by die versorging van hierdie kindertjies.

**Bid** vir die veiligheid van die personeel by ons Provinsiale Hospitaal in hierdie inperkingstyd.

**Dank** die Here dat die getal COVID-pasiënte verminder het. **Bid** dat die drankverkope nie tot geweld en beserings sal lei.



Hy sê baie dankie vir die gemeente se volgehoue ondersteuning en gebed vir hul bediening en vir hul kinders. Hierdie is een van die mees uitdagende tye in hul lewens – ver van familie en ondersteuning. Die pandemie het onrus in die bediening veroorsaak, maar die Here doen steeds besondere dinge in hul midde. Hy pleit dat ons elke dag vooraf in geloof moet stap. Ons moet soos hulle, Hom vertrou vir dít wat ons nie kan sien nie. Hulle bly glo dat die Here hierdie omstandighede wil gebruik.

Hulle was vir 'n kort kampeer-uitstappie saam met die kinders.



Hulle was vir 2 weke met verlof – die eerste wegbreek in agt maande.



**Bid** vir hulle en hul personeel se fisiese beskerming.

**Bid** dat hulle wyse besluite sal neem in Vlak 2 van die grendeltyd.

**Dankie** vir die Here se voorsiening vir hulle persoonlik en vir die besigheid wat hy verskaf om steeds personeel aan te stel en te betaal.


**Bid** asb vir die opleiding van personeel wat begin werk. Gelukkig is van die personeel opgeneem deur 'n ander besigheid.



Marinda hoop om September die dagsorgsentrum geleidelik te heropen. Dit gaan onder omstandighede goed daar. **Bid** asb vir die “opening” van hierdie veilige versorgingsoord.

## 5. BEIROET, LIBANON

**4 Aug 2020: Moenie vergeet om vir die Libanese te bid na die groot ontploffing.**



Libanon is tans baie onstabiel. Dit huisves ook miljoene Siriese vlugtelinge.

**Dank** die Here vir lewens wat gespaar is. Baie mense het wonderbaarlik oorleef. **Bid** vir die emosionele/psigiese trauma van die mense.

**Population: 5,469,612** (July 2020 est.) **Religions:** Muslim 61.1% (30.6% Sunni, 30.5% Shia, smaller percentages of Alawites and Ismailis), Christian 33.7% (Maronite Catholics are the largest Christian group), Druze 5.2%, very small numbers of Jews, Baha'is, Buddhists, and Hindus (2018 est.)

**COVID-19:** Lebanon, which has a population of 6.8 million has recorded 9,337 cases with 105 deaths, according to data from Johns Hopkins.

*At least 178 people were killed and 6,000 more were injured when 2,750 tons of high-density ammonium nitrate exploded in the city. The explosion occurred as the country was reeling from the worst economic crisis in decades with millions on the brink of poverty, Business Insider South Africa previously reported.*

## 6. LOUWRENS EN JEANNE VAN DER WESTHUIZEN – MAKHATINI SENDING

**DANKIE-Sê:** Louwrens sê baie dankie dat hy nuus en gebedsversoeke met ons kan deel. Hy weet Danabaai gee werklik om wat in Makhatini gebeur.

**UITDAGINGS:** Die grendeltyd stel uitdagings aan die mense en die bediening in Makhatini.

Hy is bekommerd oor die geestelike toestand van die gemeente. Dit voel vir hom asof hulle in rus gegaan het. Hy het 'n klein WhatsApp-groep, maar min mense kan so bereik word. Onderlinge "fellowship" gaan agter uit.



**SY FOKUS:** Hy fokus meer op die voltydse leiers in die gemeente en loop ‘n pad met hulle oor dissipelskap. Hy ervaar ook dat daar ‘n nuwe verstaan onder lidmate is oor kerkwees. Hulle verstaan dat dit nie net gaan oor die gebou en by eenkomste nie. Dit gaan daaroor om dissipels van Jesus Christus te wees – sout van die aarde en lig vir die wêreld, net daar waar jy is binne jou gesin of binne jou gemeenskap.

**HUL WELSTAND:** Daar was meer reën gedurende die winter en die mense se tuine is pragtig danksy die Here se seën. Die mama’s sit langs die pad en verkoop die volop groente en vrugte.



**Een van die “tuine”.**

### PROJEKTE:

**\*Buckets of Love:** Die Here het hulle geseën sodat hulle reeds 250 “kosemmers” kon versprei. Hulle is ook dankbaar vir die 160 Bybels wat Wellington gemeente gestuur het sodat die Woord saam met die kosemmers uitgaan.

**\*Bou van huise:** Die derde huis is in beplanning.



**Een van die “ou” huise en een van die twee huise wat reeds voltooi is.**

**\*Tuinbouprojek:** Louwrens het kontak gemaak met mense van Pretoria wat ‘n navorsingsprojek oor mikrobeproeingsisteme oor ‘n tydperk van vier jaar wil loods. Die befondsing sal waarskynlik van Duitsland af kom.

**LOUWRENS SE WENS VIR ONS:** Dat ons getrou mag bly in dit waartoe die Here ons roep – dít wat Hy elke dag van ons vra.



Daar is soveel om die Here voor te **dank! Bid** ook vir die geestelik stand van die gemeente en veral dat die jong mense staande sal bly in Christus.

## 7. MOSAMBIEK SENDING - FRANS EN HETTIE BÖNING

**Bid** asb steeds vir hulle want al het Vlak 2 van die grendeltyd aangebreek, kan hulle nog nie buiteland (Mosambiek) toe reis nie. Hulle probeer 'n permit van die ambassade kry. **Bid** dat die Here sy werk



sal voortsit in hul afwesigheid en dat die Evangelie steeds sal versprei.

## 8. FEBA RADIO



**INDIEN U HULLE GEBEDSFOKUS SELF WIL ONTVANG, KONTAK LUZETTE JACOBS**

**082 8205029. HULLE SOEK OOK DRINGEND FONDSE OM RADIO'S TE VERSPREI.**

*Die verskillende stasies in Afrika wat ons besit dra stewige operasionele kostes en radio's moet aanhoudend aan mense in die areas, wat deur ons uitsendings bereik, versprei word.*

## *FEBA/FEBC se Wêreldwye Direkteure*



**Son 16 – WEEKLIKSE OPSOMMING:** Hierdie week sal ons aanhou bid vir al FEBA/FEBC se direkteure. John Maxwell het gesê; “Die hart van leierskap is om ander, voor jouself, te dien”. Ons direkteure plaas hul eie persoonlike behoeftes opsy, om seker te maak dat die onbereikte mense die evangelie kan hoor. Hulle is deur God gekies om ander mense te dien en die *Groot Opdrag* uit te voer. Bid asb. hierdie week saam met ons vir FEBA/FEBC se direkteure.



**Ma 17** – Bid asb. vir FEBA **Pakistan** se Direkteur, Saleem Shahzad. Hy ervaar daaglik talle uitdagings en moet op 'n konstante basis versigtig wees oor die manier hoe hy die evangelie aan luisteraars uitsaai. Bid dat die Here vir hom wysheid sal gee en hom beskerm.

**Di 18** – Bid dat die Here vir FEBC **Mongolië** se Direkteur, Batjargal Tuvshintsengel, wysheid en krag sal gee. Hulle het onlangs 'n 24-uur radiostasie, Faith Radio, gestig. Hierdie stasie se programme is gemik op Mongole wat in die buiteland woon.

**Wo 19** – In **Japan** is dit baie moeilik om die evangelie uit te saai. Baie mense aanvaar nie die boodskap van Jesus Christus nie. Bid asb. vir FEBC Japan se Direkteur, Seiji Suzuki. Bid dat hy wysheid sal ontvang, terwyl hy programme nagaan wat aan ongelowiges uitgesaai moet word.



**Do 20** – Bid asb. vir FEBC **Kambodja** se Nasionale Direkteur, Makara Samphal. FEBC Kambodja se uitsendings is besig om die lewens van duisende ongelowiges te verander. Hulle betrek baie mense deur hulle regstreekse buitelug-uitsendings.



**Vr 21** – Bid asb. vir FEBC **Viëtnam** se Direkteur, Tri Dang. Daar is verskeie beperkings op godsdienstige aktiwiteite in Viëtnam. Die regering is agterdogtig oor alle godsdienstige geleenthede. Bid dat die Here vir Tri wysheid sal gee en hom beskerm.

**Sa 22** – Bid asb. vir FEBC **Kazakstan en Kirgisië** se Direkteure, Nurlan Kanathbaev en Ulanbek Karypov. Islam is dié dominante godsdiens in beide lande en wysheid is nodig om inhoud vir luisteraars te skep. Bid dat die Here vir Nurlan en Ulanbek sal lei om hulle opdragte uit te voer.



### **FEBA Suid-Afrika se Span**

**So 23** – **WEEKLIKSE OPSOMMING: Ons bediening in Afrika** groei vinnig. Om die langtermyn volhoubaarheid van al ons stasies te verseker, benodig ons meer ondersteuning. Die verskillende stasies in Afrika wat ons besit dra stewige operasionele kostes en radio's moet aanhoudend aan mense in die areas, wat deur ons uitsendings bereik, versprei word. Bid saam met ons hierdie week vir ons span en bid ook dat die Here alles wat ons nodig het, sal voorsien, om die bediening te onderhou en Sy Koninkryk nog verder uit te brei.

**Ma 24** – Bid asb. vir ons stasies in **Malawi, Mali, Tsjad en Mosambiek**. Bid dat die Here vir al hierdie stasies sal voorsien, sodat ons stasies sal kan voortgaan om meer mense te bereik.



**Di 25** – Ons ervaar talle uitdagings wanneer ons probeer om radio's aan ons stasies in Afrika te stuur. Dit het al gebeur dat ons radio's deur doeanes gekonfiskeer word sonder enige redelike verduideliking. Bid dat die Here vir ons sal help om op 'n maklike manier radio's te kan uitstuur.

**Wo 26** – Bid dat die Here elke individu, besigheid en kerk wat ons bediening met finansies of gebed ondersteun, sal seën, beskerm, en voorspoedig sal maak.



**Do 27** – Bid vir ons FEBA **Suid-Afrikaanse span** wat in die kantoor in Pretoria werk. Bid dat die Here vir ons wysheid sal gee om goeie ambassadeurs rentmeesters van ons tyd te wees en dat ons, ons hulpbronne ten goede sal benut. Mag elke opdrag vrugbaar wees.

**Vr 28** – Daar word jaarliks 'n strategiese vergadering gehou om die volgende jaar se opdragte en doelwitte te bepaal. Bid dat elke doelwit wat vir 2020 opgestel is, bereik sal word en dat die Here die beplanning en die uitvoering daarvan, sal seën.

**Sa 29** – Bid asb. vir al FEBA Suid-Afrika se deeltydse verteenwoordigers wat gereeld kerke besoek of met Christelike besighede ontmoet, om nuwe ondersteuners te betrek. Bid dat die Here by elke geleentheid teenwoordig sal wees en dat elke verteenwoordiger inligting oor ons bediening met passie aan ander sal oordra.

### **FEBA Zimbabwe**

**So 30** – **WEEKLIKSE OPSOMMING:** FEBA Zimbabwe is aanvanklik deur Norman Brierly gestig, wie as die koördineerder van Afrika aangestel is. Die Zimbabwe-kantoor word tans deur plaaslike Direkteur, Melusi Khumalo, bestuur en word deur FEBA VK befonds. Programme word saamgestel in drie hooftale: Engels, Shona en Sindebele. Hulle fokus ook op die produksie en uitsending van gospelmusiek, wat hulle gebruik om onbereikte mense, wat in dié land en die buiteland woon, te evangeliseer. Bid asb. hierdie week vir FEBA Zimbabwe.



**Ma 31** – Bid vir Direkteur, Melusi Khumalo, en sy span. Hulle hoofdoelwit is om mense na Christus te lei. Bid dat die Here al hulle pogings sal seën en dat Hy die fondse en hulpbronne sal voorsien, om die bediening nog verder uit te brei.

**Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking – Jak 5:16**

